higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

T850**(A)**(M27)T

NASIONALE SERTIFIKAAT

INDUSTRIËLE ORIËNTERING N1

(4110011)

27 Maart 2018 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT

INDUSTRIËLE ORIËNTERING N1

TYD: 3 UUR

PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.
4. Trek 'n lyn oor die bladsy ná voltooiing van elke onderafdeling.
5. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1: VOORKOMING VAN ONGELUKKE

1.1 Gee enige SES oorsake van gly en val in die werkswinkel. (6)

1.2 Dui aan of die volgende stelling WAAR of ONWAAR is. Skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.2.1 Skade aan toerusting is een van die gevolge van 'n ongeluk.

1.2.2 Dit is baie belangrik om 'n kontrolelys vir die huishouding te hê.

1.2.3 Vullis moet in behoorlik gemerkte houers geplaas word en dit moet daagliks leeggemaak word.

1.2.4 Versmoring is 'n voorbeeld van 'n ongeluk wat nie werkverwant is nie.

1.2.5 ’n Eerstegraadse brandwond affekteer net die eerste laag van die vel.

1.2.6 Leë gasbottels behoort in die kantoor van die werkswinkelopsiener gestoor te word sodat niemand dit kan sien nie, aangesien dit 'n bron van gevaar kan wees.

1.2.7 Masjinerie behoort slegs deur die werkswinkelbestuur gesmeer te word.

1.2.8 Suurstof, hitte en water is al drie basiese elemente van vuur.

1.2.9 Die skoonmaak en berging van gereedskap maak NIE deel uit van goeie huishouding nie.

1.2.10 Waarskuwingsborde en -plakkate word slegs in ingenieurswerkswinkels en industriële areas gebruik.

(10 × 1) (10)

1.3 Noem VIER aktiwiteite (d.w.s. wat jy sal DOEN) wanneer jy iemand met ernstige brandwonde behandel terwyl jy wag vir mediese noodhulp om by die ongelukstoneel op te daag. (4)

[20]

VRAAG 2: WERKNEMERVOORDELE

2.1 Omskryf kortliks die volgende terme soos dit in pensioenfonds- en voorsorgfondsskemas gebruik word:

2.1.1 Sterftevoordele

2.1.2 Ongeskiktheidsvoordele

2.1.3 Vroeë-aftrede-voordele

(3 × 2) (6)

2.2 Mediesefondsskemas help lede om vir hul gesondheidsbehoeftes te betaal wanneer die behoefte daarvoor ontstaan.

Noem VIER mediesefondsskemas wat algemeen in Suid-Afrika gebruik word. (4)

2.3 Noem VYF voordele wat van die Werkloosheidsversekeringsfonds geëis kan word. (5)
[15]

VRAAG 3: ORGANISASIESTRUKTUUR

3.1 Noem en verduidelik DRIE belangrike eienskappe van 'n organisasiekaart. (3 × 2) (6)

3.2 Noem die kenmerke van 'n groot maatskappy. (5 × 1) (5**)**

3.3 Noem VIER verskillende vorms van desentralisasie. (4)

3.4 Noem TWEE tipes kommunikasie wat algemeen in organisasies gebruik word. (2)

3.5 Gee DRIE voorbeelde van interne kommunikasie in 'n organisasie. (3)
[20]

VRAAG 4: DIE BESTEDING VAN LONE

4.1 Voltooi die volgende paragraaf oor 'n volmag (garansie) (‘warranty’) en 'n waarborg (‘guarantee’) deur die korrekte woord of woorde te kies uit dié wat tussen hakies gegee word. Skryf slegs die woord of woorde langs die vraagnommer (4.1.1–4.1.5) in die ANTWOORDBOEK.

'n (4.1.1 ... Waarborg/Volmag (garansie)) is (4.1.2 … 'n ooreenkoms/'n belofte) van die (4.1.3 … vervaardiger/klant) om te bevestig dat hulle 'n item óf sal herstel óf sal (4.1.4 … vervang/verseker) indien iets verkeerd gaan binne 'n sekere tydperk (4.1.5 … nadat/voordat) jy dit gekoop het. (5 × 1) (5)

4.2 Gee VIER voordele verbonde daaraan om by groot supermarkte te koop. (4)

4.3 Noem SES noodsaaklike dinge om in gedagte te hou by die opstel van 'n persoonlike begroting. (6)
[15]

VRAAG 5: INTERPERSOONLIKE VERHOUDINGS

5.1 Vandag se jongmense is blootgestel aan allerlei soorte dwelms, en hierdie dwelms kan skadelike newe-effekte hê en selfs tot die dood lei.

Noem SEWE soorte dwelms waaraan hedendaagse jongmense daagliks blootgestel is. (7)

Kopiereg voorbehou

5.2 'n Toesighouer speel 'n baie belangrike rol om die werkers ten alle tye te bestuur en te motiveer.

Gee DRIE voordele verbonde daaraan om werkers in die openbaar te prys. (3)

5.3 Jy is aangestel as tegniese toesighouer by G.G. Tegnologie.

Verduidelik hoe jy konflik in jou departement sal voorkom. (5 × 1) (5)
[15]

VRAAG 6: INDUSTRIËLE ARBEIDSBETREKKINGE

6.1 'n Grief kan beskryf word as enige ontevredenheid van die werkers in die werkplek wat hul werkverrigting affekteer.

Noem VYF bronne van werknemergriewe. (5)

6.2 Vakunies is daar om die werkers te beskerm.

Noem SES funksies van 'n vakunie. (6)

6.3 Verskeie opsies word gegee as moontlike antwoorde op die volgende vrae. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (6.3.1–6.3.4) in die ANTWOORDBOEK.

6.3.1 Industriële betrekkinge dek die areas van …

A kollektiewe bedinging en arbeidswetgewing.
B bekendstelling van lede aan organisasie-aktiwiteite
C griewe en normale samewerking by die werk.
D dissipline en normale samewerking by die werk.

6.3.2 Daar bestaan verskillende soorte vakunies.

Watter EEN van die volgende is NIE 'n tipe vakunie nie?

A Reformiste-unies
B Vakunies van Suid-Afrika
C Besigheidsunies
D Politieke unies

6.3.3 Watter EEN van die volgende is NIE 'n industriële geskil nie?

A Staking
B Uitsluiting
C Grieweprosedure
D Aflegging

6.3.4 Die betekenis van die akroniem COSATU:

A Confederation of South African Trade Unions
B Commission of South African Trade Unions
C Congress of South African Trade Unions
D Council of South African Trade Unions

(4 × 1) (4)
[15]

TOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou